# 3. KULTUUR: 'N STRUKTUURONTLEDING

## 3.1 INLEIDING

Die vorige hoofstuk is gewy aan die mensbeskouing in die wydste sin van die woord, dit wil sê, die wysgerige antropologie. Daar is gepoog om helderheid te verkry oor die vraagstuk van die gelykwaardigheid dog ongelykheid van mense, en ook oor die rol wat die kultuuraspek speel in die mensbeskouing en in besonder hoe die Christen die verband tussen die mens en sy kultuurbeoefening sien. In die kultuuropdrag moet die mens as heerser oor die natuur, suiwere en heilige dienswerk tot die uitbouing van God se Koninkryk verrig. Hier moet alles saamwerk om God se Koninkryk op aarde te laat ontplooi en in alle kultuurarbeid behoort God geprys te word. Deur die sonde staan God se Koninkryk egter antiteties teenoor die koninkryke van die wêreld en wend die mens sy kultuur tot sy eie verheerliking aan. Gevolglik kan daar gesê word dat kultuur die gedrag van die lewende mens is.

Kultuur en beskawingsvorming kan slegs by mense plaasvind, nie by plante en diere nie, omdat slegs by die mens sprake is van vrye, verantwoordelike dade. Deur kultuurvorming bring die mens volgens 'n vrye ontwerp iets tot stand, wat nie vanself kan

ontwikkel nie.

Die Christelike opvoeding en onderwys moet teen die agtergrond van 'n Christelike grondmotief van skep= ping, sondeval en verlossing in Jesus Christus trag, om in alle normatiewe kaders van die kinderlewe die kind te ontsluit en te verdiep, onder leiding van dié norme wat in elkeen van die kaders en ook same= lewingsverbande geld. Dit beteken egter nie dat òf die kultuur- òf die kindsituasie in die Christelike opvoeding tot die hoogste norm verhef word nie. Kind en kultuur bly onderworpe aan norme, hoewel by die tuisbring, die eiemaak, die binding van die hart met die aanvaarde norme moet met die besondere om= standighede van die kind rekening gehou word (Hei= berg, 1969, p. 50-55).

In hierdie studie gaan dit grotendeels oor die in= vloed van kultuur op die onderwysstelstelsel; daar= om is dit nodig om die betekenis daarvan te ontleed en te bepaal, en poog om 'n ewewig tussen kultuur= isolasie en kultuurintegrasie in die onderwys te vind op grond van 'n Skrifmatige beskouing van kul= tuur.

## 3.2 WAT IS KULTUUR?

### 3.2.1 Algemeen

Ten spyte van die feit dat die mens al baie eeue lank besig is om oor die begrip kultuur te besin, is daar

nog nie 'n algemeen geldende en bevredigende omskry=wing daarvan gegee nie. Navorsers soos A.L. Kroe=ber, C. Kluckhohn, E.B. Tylor, H.R. van Till, T.S. Eliot en andere het baie aandag aan die omskrywing van kultuur geskenk (Fensham, 1972, p. 22). Kroeber en Kluckhohn (1952, p. 291) beweer dat ten spyte van die ongeveer 164 verskillende definisies van kultuur 'n finale, alomvattende omskrywing nog nie bestaan nie. Vir Venter (1969, p. 310) is hierdie uiteen=lopende uitsprake oor kultuur 'n normale verskynsel omdat alle mense nie dieselfde betekenis aan die woord kultuur heg nie, terwyl Molendijk (1971, p. 7) die begripsverwarring hoofsaaklik toeskryf aan die feit dat verskeie denkers en navorsers verskillende fasette van kultuur neem en telkens oorbeklemtoon.

### 3.2.2 Bepaling van die begrip kultuur

#### 3.2.2.1 Woordontleding

By 'n woordontleding kan die begrip kultuur nage=spoor word tot by die Latynse woord "cultus", wat *diens* beteken, en "cultura" wat verwys na *bebouing, versorging* of *versiering*, met ander woorde: *arbeid*. Hierdie twee woorde, naamlik "cultus" en "cultura" gee dan die betekenis van die begrip *kultuur*, te wete *optrede* en *arbeid* (Van der Wateren, 1979, p. 48; Botha, 1971, p. 224-226). Die begrip "cultura" was aanvanklik net tot die landbou beperk waar die woord "agricultura" vandag nog bekend is. Met verloop van tyd het die woord *kultuur* 'n figuurlike konnota=

sie begin kry en 'n betekenisverskuiwing ondergaan. Tans dui dit op verbouing, bewerking, versiering, veredeling van die gees, verfyning van die intellek, die gees en die beskawing, dit wil sê, die woord be=stryk die hele lewensterrein (Pieterse, 1967, p. 8-9; Els, 1971, p. 41). Meer dikwels word die begrip *kultuur* beperk tot die fynere uitinge van die mens=like gees, soos byvoorbeeld die beeldende kunste, musiek en letterkunde. So 'n enge begrip kan egter nie aanvaar word nie, want *kultuur* omskryf die volle aksieradius van menslike lewe (Botha, 1973, p. 4; Van Till, 1959, p. 25). Malherbe (1977, p. 14) het hierdie breë konnotasie van kultuur treffend soos volg raakgevat: "Kultuur is alles van grondbewerking tot skeepvaart en maanreise; van Jubal se siter en fluit tot die magistrale oratoriums van Händel; van die minneliedjie tot die grootste letterkunde ver=beelding van Dante en Shakespeare; en van die kennis van bome te snoei tot die fynste biologiese ondersoek in die laboratorium; van die familiehoof se besleg=ting van 'n geskil tot die wydste regsbank van ons tyd; van die nederigste hut tot Windsor Castle; van Abraham se klipaltaar tot die Gotiese Domkerk."

### 3.2.2.2 Kultuur is die omskepping van natuur

#### 3.2.2.2.1 Die begrip natuur en die mens as natuur=wese

Daar bestaan dikwels verwarring oor die begrip *natuur* Daar is diegene wat poneer dat *natuur* net stof, plant

en dier insluit, terwyl dit die mens uitsluit. Dit is egter 'n eng siening omdat die mens net so 'n deel van God se skepping is. In Genesis 2:7 word dit duidelik gestel dat die mens deel het aan die stof en die asem van die lewe. Die begrip *natuur* sluit dus alles in wat God geskape het. Dit is wel so dat die mens radikaal anders is as die dier, plant en stof. Die mens is meer as net natuurwese (Pieterse, 1967, p. 8). Genesis 2:7 konstateer dat God die mens as "lewende siel" geskep het. In Spreuke 4:23 word die mens gewaarsku: "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe." In die twee uitsprake, naamlik "lewende siel" en "hart" (vgl. hfst. 2 par. 2.3.1) kom die eenheid van die mens tot uitdrukking soos geskape na die beeld van God (Gen. 1:26).

3.2.2.2.2 Natuur: skepping van God

Die skeppingsdaad van God soos beskrywe in Gen. 1:1 tot en met Gen. 2:15 waar die mens in die tuin van Eden geplaas word, kan natuur genoem word. Dit sluit alles in, die grond, water, lug, maan, sterre (dit is alles stof), plante, diere en mense. Maar vanaf Gen. 2:15 waar die mens die kultuuropdrag kry, naamlik dat hy iets moet doen, dit wil sê om die Godgegewe natuur te bewerk en te bewaak, vanaf daardie oomblik het kultuur begin (Heyns, 1974, p. 117).

### 3.2.2.2.3 Kultuur: ingryping in die natuur

Die mens gryp in die natuur in en bring drastiese veranderinge te weeg, nie net ter wille van genot of tydverdryf nie, maar veral om sy voortbestaan. Die natuur wat deur God aan die mens gegee is, is dus die mens se eerste wêreld. Kultuur is die mens se tweede wêreld, waar hyself in gehoorsaamheid aan God se opdrag die natuur omskep deur sy kultuurarbeid en -aktiwiteite. Die mens is gedurig besig om kultuur te vorm deur die natuur, stof, plante en diere te bewerk en vir sy voortbestaan in te span, maar die mens heers ook oor homself, byvoorbeeld deur die maatskaplike dienste, onderwys en opvoeding te benut (Pieterse, 1967, p. 8-9; Stoker, 1967, p. 126).

Hier kan volstaan word met die stelling dat die be=heersing van die natuur deur die mens kultuur is, en dat dit op daardie punt begin waar natuur aan bande gelê, herskep en vernuwe word. In die proses dien die mens God, die Skepper, in gehoorsaamheid aan die goddelike opdrag, 'n roeping tot sy eer en verheer=liking.

Duidelikheidshalwe word vervolgens enkele voorbeelde van kultuurdinge genoem. So is die beeldende kuns=te, gereedskap (ploeë, planters), kledingstukke, ge=boue, ensovoorts voorbeelde van tasbare, meetbare of stoflike kultuurdinge. Daarteenoor is skeppinge of instellings soos die staat, skool, huisgesin en ander gemeenskapsverbande en fynere kunste soos

musiek en sang geestelike kultuurdinge (Van Riessen, 1970, p. 105; Van Peursen, 1973, p. 7-8).

Daar sal nou oorgegaan word tot kort begripsbepalinge, soos dit by enkele vakwetenskaplikes gevind word, om sodoende 'n beeld van die verskillende benaderings=wyses van die verskynsel kultuur te vorm.

### 3.2.2.3 Begripsbepaling deur filosowe

#### 3.2.2.3.1 H.G. Stoker

Stoker (1967, p. 124-125) beskou die vorming van kultuur as 'n *roeping* van die mens, dit wil sê, dat kultuur 'n taak of opdrag is wat die mens van God ontvang het. Die taak is dan 'n gawe wat die mens ontvang het en alles wat hy aanraak, word kultuur. "As hy wol aanraak, word dit klere. As hy koring aanraak, word dit brood. As hy kopererts aanraak, word dit muntstukke. As hy die fisiese klanke en geluide aanraak, word dit taal en musiek."

Die resultaat van menslike aktiwiteite is kultuur, maar nog meer; kultuur is sowel aktiwiteit as re=sultaat. Stoker (1967, p. 125) besluit: "Globaal samevattend reken ons tot kultuur die menslike ak=tiwiteite en resultate onder andere met betrekking tot kennis (en wetenskap), taal en kuns, verder met betrekking tot die ekonomiese, die reg en die sede=like, voorts met betrekking tot huwelik, gesin, volk, staat en maatskappy; ten slotte met betrekking tot

geskiedenis, opvoeding en tegniek, byvoorbeeld. Al wat ons nie as kultuur beskou nie, is aktiwiteite en resultate met betrekking tot godsdiens en kerk."

3.2.2.3.2 H.R. van Till

Kultuur behoort tot alle mense, van die primitiewe tot die mees beskaafde of ontwikkelde mens. In soverre die mens oplossings vind vir sy voedings-, voortplantings- en gesondheidsprobleme deur 'n se=kondêre omgewing te skep en dit oor te dra na die nageslag, beskik hy oor 'n kultuur. Kultuur is nie iets neutraals, sonder etiese of godsdienstige konnotasie nie. Soos Stoker beskou Van Till (1959, p. 26-27) ook nie godsdiens as kultuur nie.

Van Till (1959, p. 29, 30) omskryf kultuur soos volg: "Culture then, is any and all human effort and labor expended upon cosmos to unearth its treasures and its riches and bring them into the services of man for the enrichment of human existence unto the glory of God." So gesien, is kultuur altyd 'n menslike onderneming. Die dier is nie 'n kultuurwese nie, want die dier leef ooreenkomstig die wette van sy instink, waarvan die produk altyd dieselfde is. Die heuningkoek en miernes word altyd op dieselfde wyse gebou en is geen kultuurproduk soos 'n huis of stad nie, die rivier is natuur, maar die kanaal is kul=tuur (Van Till, 1959, p. 30-32).

3.2.2.3.3 C.A. van Peursen

Kultuur word beskou as die neerslag van die werksaam=heid wat so kenmerkend van die mens is. Saaklik het Van Peursen (1973, p. 8) kultuur soos volg opge=som: "De cultuur wordt thans gezien als uiting van de menselijke manier van leven: niet meer in puur natuurlijk milieu, maar ingrijpend op dat natuurlijke milieu."

3.2.2.4 Sosioloë se omskrywing van die begrip kultuur

3.2.2.4.1 J.E. Pieterse

Kultuur is 'n wye begrip; daarom behoort die onder=soeker homself te begrens wanneer hy oor kultuur skryf. Begrensing bring mee dat daar op 'n bepaalde standpunt en uitgangspunt stelling ingeneem word. Die dilemma waarin so 'n persoon hom bevind, is dat die waardebepaling van kultuur afhang van die lewens=beskouing aan die een kant, en aan die ander kant kan kultuur verantwoordelik wees vir 'n mens se lewensbeskouing. 'n Verdere noodsaaklikheid vir 'n kultuurbepaling hang saam met die mensbeskouing, want van alle skepsele van God, het slegs die mens 'n kultuuropdrag ontvang (Pieterse, 1967, p. 6). Teen hierdie agtergrond volg 'n omskrywing deur Pieterse (1967, p. 17) vanuit 'n mens- en lewensbe=skouing wat gefundeer is in die Christelik-Protes=tantse religie: "Kultuur is die totaliteit van die

handelinge wat voortspruit uit en gestaltegewend is van die mens se bewuste, tradisionele en betekenis=volle materiële, asook geestelike aktiwiteite en op=vattings, soos dit in 'n bepaalde volksgemeenskap gerig word volgens die waarderingsbeeld van die mens en gemeenskap wat daarin gehandhaaf word, en aldus vorm kultuur 'n ingeweefde, onafskeidbare deel van die mens se verhouding met en sy response op die openbaring van Godsgees en inspirasie. As sodanig is kultuur die gemeenskaplike besit van 'n volk en die uitinge van 'n besondere nasieskap, soos dit die menslike bestaan belewe en verwerk ooreenkomstig bepaalde lewenswaardes en aldus vorm kultuur die innerlike en uiterlike lewensgestalte van 'n volk." Tereg waarsku Pieterse (1967, p. 17) daarteen dat kultuur gesien sal word as bestaande uit "hoëre" en "laere" elemente en sodoende die kultuureenheid te versteur.

3.2.2.4.2 J. Els

Els het wel nie 'n eie beskouing van kultuur geformu=leer nie, maar tog belangrike gesigspunte uitgelig. Hy beweer dat die lewenspatroon van 'n groep mense sterk beïnvloed word deur faktore soos geografiese ligging en biologiese samestelling omdat dit sekere geleenthede of beperkings verskaf. So sal byvoor=beeld die Eskimo en die tropiese bewoners verskillen=de kultuurpatrone opbou. Die kulturele faktor blyk egter 'n sterker bepalende faktor vir 'n lewenspatroon te wees.

Die mens, anders as die dier, is nie slegs 'n natuurwese en natuurgebonde nie. Die dier moet aanpas by die omgewing om te oorleef, terwyl die mens die omgewing wysig.

Die mens kan 'n kunsmatige omgewing skep wanneer dit nodig is. Die kultuur van 'n mens bepaal in 'n groot mate wat hy doen - hoe, waar en wanneer dit gedoen moet word. Dit is dan ook kultuur wat die belangrikste onderskeidende kenmerk tussen die leef=wyse van enige twee mensegroepe is. Sosioloë is dit eens dat die begrip kultuur vir die sosiale wetenskappe van fundamentele belang is (Els, 1971, p. 43-44).

3.2.2.4.3 R. Bierstedt

Bierstedt (1970, p. 122-123) beweer dat die sosio=loog kultuur wyer sien as die historikus of die psigoloog. Die sosioloog sien die mens in sy tota=liteit en al sy aktiwiteite; van die viool tot die skroewedraaier, kuns tot trekkers, dit wil sê, in al die aktiwiteite van die mens. Bierstedt (1970, p. 122) gee 'n omskrywing van kultuur in 'n paar woorde soos volg: "Culture is the complex whole that consists of all the ways we think and do and everything we have as members of society."

Enkele implikasies van hierdie omskrywing word hier=onder aangedui ter wille van verduideliking.

- Kultuur is nie biologies oorerflik nie, maar word aangeleer, deur in 'n bepaalde sosiale ge= meenskap groot te word en die sosiale inter= aksies daarin te belewe.

- Daar kan wel gepraat word van kultuur as 'n sosiale erfenis. Indien 'n geslag sou faal om 'n deel van sy kultuur aan die volgende geslag oor te dra, sou daardie bepaalde kulturele eien= skappe verlore gaan, en deur 'n latere geslag herontdek of verwerf moet word. Kultuur kan dus beskou word as "verworwe" produk wat deur die eeue van geslag tot geslag oorgeneem word.

- Kultuur word gedeel deur 'n gemeenskap en is nie die besit van die enkeling nie. Indien 'n persoon iets sou uitvind of ontdek, maar dit wegsteek, sal dit nie deel word van die kultuur van die bepaalde gemeenskap nie.

- Kultuur is van die uiterste belang vir die mens. Geen enkeling, of groep of gemeenskap kan ver= staan word, sonder kennis of begrip van die betrokke kultuur nie. Dit is kultuur wat enkelinge, gemeenskappe of volke van mekaar onderskei, maar ook die mens van ander dier= soorte as spesie onderskei, dit wil sê dit is kultuur wat van die mens mens maak (Bierstedt, 1970, p. 124-131). Bierstedt openbaar hier sterk evolusionistiese neigings wat veroordeel moet word. Die mens is nie maar net 'n ander

spesie van die diere nie. Die mens is beeld van God.

3.2.2.5 Begripsbepaling deur die volkskundiges

3.2.2.5.1 A. Coetzee

Kultuur is 'n begrip wat vatbaar is vir verskillende interpretasie, soos so dikwels gebeur met 'n woord uit die volksmond wat vir wetenskaplike studie ge= bruik word. Kultuur word slegs in verband gebring met mense en nie met diere nie. Waar diere hulle natuurdrifte en drange regstreeks bevredig, wanneer daar voldoende prikkeling bestaan, kan dit beskou word as natuur. Wanneer die natuur egter beheers word en aan voorskrifte en beperkings onderwerp word, neem kultuur 'n aanvang. "Sulke voorskrifte en be= perkings tref ons aan op elke lewensterrein van die mens; sy liggaamlike behoeftes, sy geslagslewe, sy maatskaplike lewe, sy godsdienstige lewe" (Coetzee, A., 1960, p. 1). Die inperking of beperkings vorm uiteindelik, sedes en gewoontes, tradisionele instel= lings ensovoorts, wat dan die volk se kultuur genoem word.

Dit is egter opvallend dat die godsdienstige lewe as instelling, deur Coetzee as 'n element van die kul= tuurlewe aanvaar word, terwyl dit deur filosowe soos Stoker en Van Till nie as kultuur aanvaar word nie (vgl. par. 3.2.2.3.1 en 3.2.2.3.2).

Die uitgangspunt van die volkskundige is dat die enkeling hom gewoonlik aanpas by 'n bestaande kul=tuur en dat kultuur daar begin waar die gemeenskaps=lewe begin, dit wil sê, waar die een mens meer begrip toon vir die optrede van sy medemens.

Die kleinste kultuurgemeenskap is die huisgesin; selfs al is daar nog net twee mense in die gesin. Dit is egter die enkeling in 'n volk wat die skepper van kultuur is, die volk ontvang, bewaar en dra dit oor aan die nageslag. In die proses van oorlewering vind verandering en aanpassing plaas, veral weens swak geheue, swak waarneming, sleg luister en ander vorme van afwykings, maar die volk "skep" nie. Dit is enkelinge wat volksliedjies dig, terwyl die volk dit sing. So word ander kultuurgoedere sonder voorskrifte van die gemeenskap uitgevind of voortge=bring. Die gemeenskap ontvang dit, handhaaf en dra dit oor as tradisie. Die volkskultuur ontvang nie net van die individuele skepper nie, maar stimuleer ook die lewe en aktiwiteite van die enkeling (Coetzee, A., 1960, p. 10-12).

Coetzee, A. (1960, p. 2) gee 'n baie saaklike omskry=wing: "Kultuur kan dan beknop omskryf word as die gemeenskaplike tradisionele verworwenhede van 'n volk op geestelike en stoflike gebied."

#### 3.2.2.5.2 P.W. Grobbelaar

Die begrippe kultuur en beskawing loop vir Grobbe=laar (1974, p. 9-12) hand aan hand, maar hy aanvaar dat kultuur eerste was en beskawing as 'n besondere ontwikkelingstadium van kultuur. Hy beklemtoon dat 'n skeppingsdaad 'n kultuurdaad is en dat kultuur die mens se lewe volkome omvat, as 'n uitvoeringsdaad van die skeppingsopdrag van God. Grobbelaar (1974, p. 11) gee die volgende omskrywing van kultuur: "Kultuur is al die geestelike en stoflike dinge wat die mens tot stand bring deurdat hy, onder dwang van sy gees, op die natuur inwerk, waarby die bo-natuur ook 'n rol speel."

Hierdie dualistiese siening van kultuur kan nie aan=vaar word nie, soos duidelik uit par. 3.2.2.7 blyk.

### 3.2.2.6 Begripsbepaling van enkele opvoedkundiges

#### 3.2.2.6.1 G.F. Kneller

Kneller steun in sy insig en sy omskrywing van kul=tuur baie op die studies van verskeie antropoloë en sosioloë. Kneller (1966, p. 4) gee die volgende beknopte omskrywing van kultuur: "By culture as such we mean all the ways of life that have been evolved by men in society." Hy gee dan 'n uiteensetting van wat die breë omskrywing behels en poneer dat 'n par=tikuliere kultuur die volgende komponente insluit: die wyse van dink in 'n gemeenskap, hulle gedrag en

emosies soos uitgedruk in die godsdiens, regstelsel, taal, kuns en gewoontes, soos dié ook tot uitdrukking kom in die materiële goedere, byvoorbeeld huise, klere en gereedskap. Kultuur kom tot uitdrukking in die manier van slaap, eet, kleredrag, die gedrag by die werk en tuis.

Kultuur is dus die manier waarvolgens 'n gemeenskap lewe. Kneller (1966, p. 4) onderskei tussen kultuur en gemeenskap deur F. Keesing soos volg aan te haal: "Put most simply, 'culture' puts the focus on the customs of a people; 'society' puts it on the people who are practicing the customs." Hy beskou die ge= drag van diere en insekte, in watter verskyningsvorm ook al, beslis as instinktief en bevestig dat hulle nie in staat tot kultuurvorming is nie.

### 3.2.2.6.2 P.J. Heiberg

Die begrippe "kultuur" en "beskawing" word deur Hei= berg (1969, p. 46-47) in baie noue verband en soms saam gebruik. Vir hierdie studie sal slegs die begrip *kultuur* uitgelig word vir bespreking.

Die mens is deur God geroep tot kultuurvorming. Daarvoor is die mens in velerlei gemeenskapsbande saamgegroepeer soos die gesin, skool, kerk, univer= siteit en staat. Maar elke individu is ook afson= derlik geroep, want die mens is nie ledig op die aarde gestel nie. Slegs die mens bring kultuur voort, geen ander lewende wese is daartoe in staat nie.

Die Christelike kultuurvorming geskied onder leiding van bepaalde norme, naamlik:

- Die kontinuïteitsnorm waar die tradisie in die kontinue voortgang wel omvorm en hervorm word, maar dit leef as kultuurkrag steeds in die vernuwing voort.

- Differensiasie en individualisering. Met dif= ferensiasie word bedoel die bepaling van die normatiewe beginsel vir die ontwikkeling van die eiesoortigheid van kulturele sfere in die verloop van die tyd. Die ontplooiing van die indivi= duele aanleg van volke, samelewingsverbande en persone is hierin gegee; soos byvoorbeeld van die gesin, die staat, kerk, skool, kuns en be= dryf. By die ongedifferensieerde primitiewe kulture word so 'n ryke verskeidenheid strukture nie aangetref nie.

- Die integrasienorm. Dit is die positiewe kon= tak tussen persone, groepe, volke en kulture, tot wedersydse stimulering, sonder die prysgawe van die eie identiteit (Heiberg, 1969, p. 46-48).

Heiberg (1969, p. 47) het die volgende beknopte om= skrywing van kultuur saamgestel: "Kultuurvorming kan slegs by mense plaasvind, omdat alleen hier sprake is van vrye verantwoordelike dade. Deur kul= tuurvorming bring die mens volgens 'n vrye ontwerp iets tot stand wat sig nie vanself kan ontwikkel nie."

### 3.2.2.6.3 G. van N. Viljoen*)

Viljoen (1978, p. 59) gee 'n baie saaklike omskrywing van kultuur en gebruik die term vrylik, sonder dat daar verdere toeligting omtrent die begrip gegee word: "Kultuur bedoel al die geestelike en materiële skeppings, sowel as maatskaplike instellings wat 'n volk tot stand bring in sy beheersing van die hom omringende natuur, dus in die uitvoering van sy skep=pingsopdrag: dit omsluit opvattings of idees, akti=witeite of maniere van doen, instellings, materiële produkte."

### 3.2.2.6.4 Ruth M. Ruperti

Ruperti (1977, p. 3) erken die belangrike rol wat kultuur in die opvoeding vervul wanneer sy beweer: "Sonder kultuur, hoe primitief ook al, is daar geen opvoeding nie en sonder opvoeding, hoe primitief ook al, geen kultuur en geen gemeenskap nie." Opvoeding en onderwys van die jeug word deur volwassenes onderneem. Soos die kultuur van 'n gemeenskap al hoe meer ontslote raak, vind differensiasie in aparte samelewingsverbande al hoe duideliker plaas. So ontstaan uiteindelik ook 'n onderwysstelsel wat meer is as net die skool (Ruperti, 1977, p. 3-4).

---

*) Viljoen is nie 'n opvoedkundige in die ware sin van die woord nie, maar sy beskouinge is wel opvoedkundig van aard.

Die belangrike kultuurbeginsels van die onderwys= stelsel wat by kultuurontwikkeling 'n rol speel, word deur Ruperti (1977, p. 7) erken, naamlik die beginsel van historiese kontinuïteit, asook die be- ginsel van differensiasie ôf individualisasie en in= tegrasie, ôf verryking (kyk par. 4.5.2 - 4.5.5).

Dit is duidelik dat Ruperti soos ander beoefenaars van die Vergelykende Opvoedkunde hier te lande die rol van kultuur in die opvoeding en onderwys erken en aantoon, maar nie kultuur as 'n universeel mens= like verskynsel ontleed en omskryf nie. Die verband tussen kultuur en onderwys behoort meer aandag van veral opvoedkundiges in die Vergelykende Opvoedkunde te geniet.

3.2.2.6.5 I.L. Kandel

Kandel (1961, p. 45) maak die stelling dat opvoeding nie outonoom is nie en nie in 'n vakuum kan plaasvind nie. Verskeie kragte beïnvloed die opvoedingshande= ling. Kultuur is een van die belangrikste kragte in die opvoeding en in besonder dié van die partiku= liere omgewing. "Educational systems, therefore, are relative to their cultural environments. Not only do tive to their cultural environments. Not only do national systems differ from each other, but within a democracy which encourages decentralization local systems may also differ from each other in certain respects" (Kandel, 1961, p. 46). Dit is egter dui= delik dat die wêreld huidiglik aan vele veranderinge

blootgestel is wat vanselfsprekend kulturele veranderinge bewerkstellig. Dít verg op sy beurt weer veranderinge en oriëntering in die opvoeding en onderwys (Kandel, 1961, p. 49).

Kandel, 'n kenner van die Vergelykende Opvoedkunde, erken dus die invloed van kultuur in die opvoeding maar het nie 'n eie studie van kultuur gemaak en dit nie omskryf nie.

Literatuurstudies van erkende opvoedkundiges laat die indruk dat daar weinig ôf geen empiriese navorsing oor kultuur as menslike verskynsel en die rol wat dit speel in die opvoedingshandeling deur hulle gedoen is nie.

3.2.2.6.6 Samevatting

Die meeste opvoedkundiges gebruik omskrywings uit ander sosiale wetenskappe vir die begrip kultuur. Selfs 'n persoon soos T. Brameld (1955, p. 47) maak gebruik van die omskrywing van F. Boas, die bekende Amerikaanse antropoloog. 'n Omskrywing wat die meeste aangehaal word, ook deur sosioloë en volkskundiges, is dié van E.B. Tylor, die Engelse antropoloog. Hy het die begrip in 1871 reeds soos volg omskryf: "Culture or Civilization ... is that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, custom and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society" (Tylor, 1891 (1), p. 1; kyk par. 3.6.1).

### 3.2.2.7 'n Eie begripsbepaling

Hoe daar ook al na kultuur gekyk word, watter benadering daar gevolg word, bly een grondliggende feit sentraal: slegs die mens kan kultuur skep. Die standpunt word ook algemeen aanvaar dat opvoedkundiges beslis veel te leer het van die Volkskunde en in besonder van die Sosiologie omtrent die begrip kultuur, omdat hierdie vakwetenskappe die mens in sy totaliteit bestudeer. Om 'n suiwere begrip van kultuur te bekom, is dit allereers nodig om 'n deeglike begrip te hê van wie en wat die mens is. God het die mens uit die stof van die aarde na sy beeld geskape (vgl. par. 2.3.2). Van alle lewende wesens wat deur God geskape is, is dit alleen maar die mens wat geroepe is en in staat is tot kultuurvorming. Die uitgangspunt hier is dus die Heilige Skrif as die geopenbaarde wil van God, waarin Hy Homself openbaar as Doelwit van alles.

Omdat die mens die enigste skepsel is wat na die beeld van God geskape is, verskil die mens in vele opsigte wesenlik van ander skepsele, maar hy styg nooit bo die skepping uit nie. God het die mens geroep en opdrag gegee om oor die natuur te heers. Om hierdie roeping en opdrag te kan uitvoer, het God die mens toegerus met meerdere gawes, naamlik geestelik, intellektueel en liggaamlik waarvan die belangrikstes soos volg opgesom kan word: waarnemings-, redenerings-, voorstellings-, leer-, spreekvermoë en handvaardigheid (Coertze, 1965, p. 31-33). Die mens is

ook onder andere 'n sedelike wese wat kan onderskei tussen goed en kwaad en is aan God verantwoording verskuldig. Die doen en late van elke mens word dus bepaal deur bepaalde norme.

In die uitvoering van sy roeping en opdrag skep die mens kultuur. Hierin moet hy steeds poog om God te dien en te verheerlik. Kultuur word nie net ge=skep nie, maar word ook oorgedra van geslag tot ge=slag. In dié proses vind daar akkumulasie, veran=dering, maar ook verryking van kultuur plaas. Die kultuurlewe van die mens en in besonder van die volksgemeenskap word hierdeur verryk of verarm.

Kultuur behels dus bepaalde kennis, vaardighede, ge=bruike, tradisies en opvattinge wat verwerf is en oorgedra word deur opvoeding en onderwys, hetsy for=meel of informeel. Daarom is opvoedende onderwys van besondere belang vir kultuurskepping en kultuur=oordrag. Terselfdertyd het kultuur 'n besondere sterk invloed op opvoeding en onderwys en gevolglik ook op die onderwysstelsel (respektiewelik opvoed=ingstelsel).

Kultuur is dus die geakkumuleerde en steeds wisse=lende, saamgestelde en gemeenskaplike besit van die mens. Dit is ook die produk van die waardevolle menslike, materiële en geestelike aktiwiteite, skep=pinge, opvattings, gebruike, tradisies en kennis, soos dit tot stand gekom het in onderlinge inter=aksies. Kultuur word in 'n bepaalde volksgemeenskap

van geslag tot geslag oorgedra deur informele sowel as formele opvoeding en onderwys.

## 3.3 DIE KENMERKE VAN KULTUUR AS UNIVERSELE VERSKYNSEL

### 3.3.1 Algemeen

Kultuur is die mens se antwoord op God se vraag: Mens, waar is jy en wat maak jy daar? Kultuur, volgens Gods opdrag, beteken die mens se vermoë om die natuur te beheers en behels ook verder dat die mens homself aan 'n besondere normsisteem moet onder= werp (Park, 1950, p. 3).

As elke mens dan kultuur skep en moet skep in gehoor= saamheid aan die skeppingsopdrag van God, dan skep elke volk ook 'n eie besondere kultuur. Met die begrip "volk" word hier 'n kulturele begrip bedoel (vgl. par. 1.7.2). Soos die volkskultuur ontwikkel, ontstaan verskillende samelewingsverbande, soos by= voorbeeld die kerk, skool en staat. Die skool se taak is in besonder om kultuur oor te dra. Om aan hierdie eis te voldoen ontwikkel daar binne die volksgemeenskap 'n onderwysstelsel. "Die onderwys= stelsel is dus deur die mens tot stand gebring en is kultuurhistories gefundeer" (Barnard, 1981, p. 56). Die onderwysstelsel het dus noue verband met kultuur= verwerking en kultuuroordrag en vorm so ook deel van die kultuur van 'n volk.

### 3.3.2 Kultuur is 'n universeel menslike verskynsel

Kultuur is universeel omdat alle mense geroep is, selfs tot meer as net kultuurvorming. Almal het dus die kultuuropdrag ontvang (Stoker, 1967, p. 133).

'n Identieke verskynsel van kultuur is die verskeiden= heid wat gevorm is deur verskillende volke, soos hulle histories bestaan en versprei het. Dit is op= vallend dat alle kulture sekere basiese kenmerke of uniformiteite vertoon. In alle kulture vind 'n mens die een of ander vorm van godsdiens, regering, reg= stelsel, sosiale strukture, gesinsverband, taal, tegniese vaardighede, kuns, 'n onderwysstelsel en nog veel meer (Coertze, 1965, p. 43; Merrill, 1965, p. 132-133). Hierdie universele kenmerke of aspekte sal wel wat detail betref by die afsonderlike kul= ture verskil, sonder dat dit enige afbreuk doen aan die algemene kenmerke van kultuur. Hierdie algemene kultuurbesit word genoem die "mensheidskultuur" (Van der Wateren, 1979, p. 114; Merrill, 1965, p. 138).

Die verskillende aspekte van kultuur soos dit tot eenheid vervleg is, en waarvan enkeles hier genoem is, vorm die kultuurpatroon van 'n volk. Die een aspek beïnvloed of vind weerklank in al die ander; daarom sal die godsdienstige aspek weerklank vind in die mens se ekonomiese aktiwiteite, politieke lewens= feer, en so meer, maar veral ook in die onderwysstel= sel van die volk (vgl. Coertze, 1965, p. 43-44).

### 3.3.3 Wetsy en subjeksy van kultuur

Die wetsy is die onveranderlike, die vaste in die tydsorde waarbinne gebeure in die tyd afspeel. Die wetsy is die uitdrukking van die wil van God, en verskaf aan die geskapene 'n wetmatige, geordende en vasgestelde gang in die tyd (vgl. par. 2.3.5). Hier= volgens sou die ideale of volmaakte kultuur geskep word, dit wil sê, daardie kultuur wat voldoen aan die norme van die Goddelike gesag en opdrag wat 'n gemeen= skap graag sou wou beoefen en beleef, of glo hy be= hoort te beoefen. Daarteenoor fungeer alle skep= sele in die tyd en kom die doen en late tot uiting in die subjeksy, die veranderlike. Alles wat 'n konkreet individuele bestaan het, fungeer deur sy aktiwiteite in die tyd. Alle subjekte, dus ook die diverse kultuurverskynsels en kultuuruitinge, is uniek (vgl. par. 2.3.5.4.3).

In die geval van kultuurvorming is die mens die sub= jek, en elke mens dra op sy unieke wyse by tot die vorming van kultuur. Die kultuur wat so deur die mens as subjek gevorm en beleef word, is die werklike kultuur. Omdat die mens sondaar is, het alle kul= tuurvorming tekortkominge wanneer dit gemeet word aan die norme, wat deur God bepaal is. Daarom sal kultuurvorming altyd gedeeltelik en gebrekkig, ge= stalte gee aan wat behoort te wees (Pieterse, 1967, p. 13).

Opvoeding is toekomsgerig en streef na die verwesen=

liking van bepaalde ideale. Dit antisipeer dus steeds 'n ideale kultuur en wil die kind deur besonᐧdere beklemtoning en inskerping van die beste in die kultuur tot die sinvolle daarin voorberei.

### 3.3.4 Kultuur is dinamies

Alle mense of volksgemeenskappe besit 'n kultuurpa= troon van die een of ander aard. Die kultuurpatrone vertoon sekere ooreenkomste (vgl. par. 3.3.2). Die feit dat hierdie ooreenkomste in die tyd en die voortgang in die tyd bestaan, gee 'n stabiliteit aan kultuur wat vir die geordende voortbestaan van die mens noodsaaklik is. Elke volk besit egter sy eie unieke detailverskille, wat die volkskultuur gevolg= lik sy eie unieke karakter gee, wat oorgeërf word deur die nageslag (Dawson, 1961, p. 3-5).

Nieteenstaande die kenmerk van stabiliteit is geen kultuur staties nie (vgl. par. 2.3.6). Kultuur is ook 'n dinamiese verskynsel wat verryking ondergaan, aangesien nuwe elemente voortdurend bygevoeg word, terwyl uitgediende elemente weer uitgeskakel word. Verandering van kultuur is nie net te danke aan die dinamiese aard van die mens of die volksverband nie. Geografiese en natuurgebeure lei onder andere ook tot verandering, omdat die mens moet aanpas by die eise wat gestel word. Die volkskulturele ont= plooiing wat so dinamies en kontinu plaasvind in die historiese gang van die tyd, is noodwendig ook onderhewig aan verandering. Hierdie kontinuïteit

is egter nie net van toepassing op die volkskultuur nie, maar ook op die kultuurontplooiing van die mensheid (Van der Wateren, 1979, p. 114-116; Vil=joen, 1978, p. 56-60).

Sekere kultuurgebiede is dinamies of aktief en andere is passief. In die dinamiese kulture ont=wikkel nuwe opvattinge en tegnologiese ontwikkeling vind plaas, wat verandering aanbring in omstandig=hede, strukture en die sosiale lewe van die mens. Daarteenoor sal die passiewe kultuurgebiede voort=gaan met die tradisionele roetine, wat in 'n groot mate 'n kalme ewewig bereik het en waarbinne daar dan baie min verandering plaasvind. Die aktiewe of dinamiese kulture beweeg uit en dring hulself op aan die passiewe kulture. So het Europa vir meer as vier eeue aktief ontwikkel - ook wat bevolkings=aanwas betref - uit beweeg en die invloed van sy kulture oor die hele bewoonbare wêreld wat passief was, uitgedra, beïnvloed en in 'n groot mate geak=tiveer (Park, 1950, p. 117-120).

Daar moet in 'n onderwysstelsel in die algemeen en in die opvoedende onderwyshandeling in besonder, steeds tred gehou word met hierdie kenmerk van kul=tuur. Dit word waargeneem in die voortdurende ver=andering en aanpassing wat kurrikulums ondergaan.

### 3.3.5 Kultuur is historiese vorming

Die verband tussen historiese vorming en kultuur is ontleed in paragraaf 2.3.5; daarom word *historiese vorming* as kenmerk van kultuur kortliks bespreek (vgl. ook par. 2.3.6).

Wanneer die gang van die menslike geskiedenis nage=gaan word, is dit duidelik dat daar 'n verwantskap tussen geskiedenis en kultuurontplooiing bestaan. Die verandering wat deur die historiese verloop van die wêreld teweeggebring is, vind grootliks plaas deur die mens se kultuurbeoefening. Die eerste kultuurdaad wat deur die mens verrig is, was die maak van klere deur Adam en Eva; 'n daad gebore uit skaamte en vrees vir God. Hier begin die menslike geskiedenis (Van der Wateren, 1979, p. 87-88).

Kultuur word slegs deur denkende mense gevorm; diere kan geen kultuur vorm nie. Die mens omskep natuur in kultuur, gebeurtenisse vind plaas, besluite word geneem, die boom word gekap en planke gesaag, meu=bels, vloere en dakkappe gemaak. Ystererts word gesmelt wat yster voortbring en omgewerk word tot ge=reedskap, stowe, gewere, ensovoorts. Skrif word as kode gebruik om te kommunikeer. Leiers neem be=sluite wat die gang van volke beïnvloed. Alles wat so deur die mens voortgebring word, dra by tot die kultuurskat van 'n volk, maar ook van die mensheid. In die ontwikkeling van die menslike kultuur, is die feitlike geskiedenis en evaluering met mekaar vervleg.

Die kronologiese verloop van kultuuraangeleenthede word nie alles vanselfsprekend deur die mens aanvaar nie; daar vind voortdurende evaluering van sake plaas (Van Peursen, 1973, p. 9).

Dit is dié aktiwiteite van die mens wat opgeteken en as geskiedenis vir die nageslag bewaar word. Dit is nie vir die historikus moontlik om alles wat in die gang van kultuurvorming plaasvind, op te teken nie. Handelinge wat grootliks die gang van die lewe beïnvloed, rigting en vorm gee, word wel aan= geteken en dit vorm die basis vir historiese vorming. Kultuur is dus historiese vorming.

Die skool as opvoedingsinstelling vorm saam met verskeie ander deelstrukture 'n onderwysstelsel.

Net soos kultuur, vertoon die onderwysstelsel ook 'n universele struktuur. Ooreenkomstig die religieuse grondmotiewe wat 'n bepaalde volksgemeenskap se kul= tuurlewe begrond, sal die normbeginsels noodwendig neerslag vind in die struktuur van die onderwysstel= sel van daardie volk, onderhewig aan die "historiese normbeginsels van differensiasie en individualisasie, integrasie (verryking) en kontinuïteit" (Barnard, 1981, p. 56).

### 3.3.6 Kultuur word verwerf, oorgedra en is kumulatief

Kultuur word nie in isolasie geskep nie, maar wel deur die interaksie en samewerking van mense. Die huisgesin is die kleinste en eenvoudigste sosiale eenheid en die primêre bron van kultuurontwikkeling (Van Till, 1959, p. 32).

Die mens, in vergelyking met die dier, se instinkte is nie so verfynd en aangepas vir oorlewing as die van die dier nie. Die mens moet die meeste van die dinge wat hy doen aanleer, byvoorbeeld hoe om te eet, 'n eier te kook, skoene vas te maak, hare te kam, gereedskap te hanteer, en so meer. Hierdie ver= moëns is nie biologies oorerflik nie, maar word deur sosiale interaksies verwerf (Bierstedt, 1970, p. 124). Kultuurgoedere word deur geestesarbeid verwerf en nie geërf nie (Coetzee, A., 1960, p. 1). 'n Gebore Afrikaanse kind wat na geboorte na China geneem word, en deur Chinese pleegouers grootgemaak word, sal hulle kultuur aanneem en geen Afrikaanse kultuur= eienskappe vertoon nie. Hy sal selfs nie later 'n voorsprong hê bo die ander Chinese, by die aanleer van die Afrikaanse kultuurpatroon nie (Els, 1976, p. 58). In die proses van die verwerwing van kultuur, speel die huisgesin en ouers 'n besonder basiese rol, terwyl maats, kommunikasiemiddele en veral die skool belangrike bydraes lewer.

Dit is verder ook so dat kultuur oorgedra word van

die een geslag na die ander. Daarvoor maak die mens hoofsaaklik gebruik van die geskrewe en gesproke woord en simboliese wyses soos die geskrewe woord wat waargeneem kan word. Kultuur verryk tot 'n tradisie en word as sodanig oorgedra (Dreyer, 1966, p. 1-3). Els (1971, p. 68) beweer: "Kultuur word by wyse van instruksie en voorbeeld van een geslag na die ander oorgedra en as sodanig word dit dan gelykgestel aan of gesien as die sosiale erfenis." Hierdie oordraagbaarheid van kultuur deur die leer=handeling staan bekend as enkulturasie (Van der Wateren, 1979, p. 116; Dawson, 1961, p. 1).

Terwyl kultuur verwerf en oorgedra word, vind daar noodwendig kulturele opeenhoping of akkumulasie plaas, veral deur die taal of linguïstiese faktor, dit wil sê, met die mens se vermoë tot simboliese betekening of simboliese gedrag. Dit beteken dat elke menslike geslag, wanneer dit 'n geslaagde kul=tuur- of lewenspatroon opgebou het, dit oordra aan die volgende geslag, wat vandaar af voortbou. Elke kultuur het reeds bepaalde oplossings vir bepaalde lewensprobleme gevind, wat dan aan die volgende geslag afgestaan word en wat nie nodig het om dit weer van vooraf uit te vind of op te bou nie. Met verloop van die tyd verryk en verdiep kultuur, soos elke geslag iets toevoeg tot die reeds bestaande kultuurbesit. Kultuur is dus kumulatief (Vernon, 1965, p. 86-87).

Die feit dat kultuur verwerf en dan oorgedra word en

boonop kumulatief is, vorm 'n hegte band met opvoe= ding en onderwys. Dawson (1961, p. 1) het die hele interaksie en wisselwerking soos volg omskryf: "Hence it is clear that culture is inseparable from education, since education in the widest sense of the word is what the anthropologists term 'encultu= ration', i.e., the process by which culture is handed on by the society and acquired by the indivi= dual."

Die afleiding wat uit hierdie bespreking gemaak kan word, is dat onderwys kultuuroordrag is (vgl. Bar= nard, 1981, p. 56).

### 3.3.7 Kultuur is normatief

Dit is nie moontlik om enige groepering van mense of sosiale situasies te vind waar daar nie bepaalde normatiewe verwagtinge werksaam is nie. Maree (1970, p. 113) konstateer dat, hoe daar ook al oor kultuur en kultuurinhoude gedink word, dit minstens 'n sisteem is van betekenisse. Kultuur is die handelinge van die mens tydens sosiale interaksie. In die proses tree sekere keusemoontlikhede, byvoor= beeld tussen reg en verkeerd, mooi en lelik en goed of sleg na vore, wat as norme of die groep se morele kodes bekend staan (vgl. Merrill, 1965, p. 109). Els (1971, p. 90) omskrywe norme, "as die standaarde, reëls, verwagtinge of riglyne met betrekking tot ge= drag wat in alle samelewings gevind word."

Die saak van norme hang saam met die feit dat die mens kan kies of hy dit of dat wil doen. Omdat die mens kan kies, is hy toerekenbaar en kan van hom in die uitvoering van die Goddelike opdrag rekenskap gevra word. Die toerekenbaarheid in kultuurvorming is religieus bepaal omdat God die mens na sy beeld geskape het en tot kultuurvormer bestem het (Stoker, 1967, p. 126-127).

Elke individu huldig in 'n sekere rangorde bepaalde norme. Hy gehoorsaam die norme ooreenkomstig die godsdiens wat hy aanhang. So sal elke volk sy eie besondere norme handhaaf en 'n eie kultuurpatroon vorm, wat hom van ander kulture sal onderskei, want "tussen 'n volk en sy kultuurpatroon is 'n uiters noue verbintenis" (Pieterse, 1967, p. 10).

'n Gemeenskap se mees fundamentele kultuurbesit is sy lewens- en wêreldbeskouing, begrond in 'n bepaalde religie, en streef daarna om daardie lewensopvatting as ideaalbeeld vir sy jeug te verwesenlik. Gevolg=lik sal 'n volk se lewens- en wêreldbeskouing as grondslag dien vir die opvoeding en onderwys en die beplanning van die onderwysstelsel. Die doel van die onderwys en opvoeding is die ontsluiting van die synswyses van die kind, "veral met betrekking tot sy normatiewe kaders of normatiewe aspekte van sy lewe wat tot die aktstruktuur behoort" (Schoeman, 1975, p. 44-45).

### 3.3.8 Kultuur is volksgebonde

Kultuurvorming is afhanklik van sosiale interaksie. Waar 'n enkele mens sou opgroei sonder enige kontak met ander mense, sal so 'n mens geen kultuur ontwik= kel nie (Biersted, 1970, p. 124-125). Hoewel 'n enkele persoon alleen nie kultuur vorm nie, is dit tog die individu binne 'n gemeenskap wat leiding neem met die skepping en uitbouing van kultuur. Binne die volksgemeenskap vind dan 'n geleidelike proses van enkulturasie plaas, sodat elke lid van die volk uiteindelik oor bepaalde kultuurgoedere beskik wat eie is aan daardie bepaalde volk. So word kultuur volkserfenis (Park, 1950, p. 4-6).

Hoewel kultuur basiese universele ooreenkomste besit, is die kultuurbeeld van die hele mensdom van alle tye en plekke nie homogeen nie. Kultuur word vol= gens lewensbeskoulike, sowel as godsdienstige norme gemanifesteer (Van der Wateren, 1979, p. 110-111), en saam met ander elemente onderskei dit die beson= dere kultuurbeoefening van volkere.

Kultuur is 'n algemeen menslike verskynsel, tog is dit duidelik waarneembaar dat elke volk 'n eie kul= tuurpatroon het. Daar is 'n besonder noue verbin= tenis tussen 'n volk en sy kultuurpatroon. Dié verbintenis ontstaan weens die georganiseerde een= heid wat die lede van 'n volk vorm. Die ontstaan van 'n volk is nie deur mense georganiseer nie, 'n volk het deur 'n ontwikkelingsproses tot stand gekom;

daarom kan van 'n volk ook gepraat word as 'n orga= niese eenheid. Die kultuur van so 'n volk is dan die uiterlike en innerlike gestalte wat so 'n volk se lewe aanneem (Coertze, 1965, p. 35) en 'n bepaal= de eienheid openbaar, wat dan die geestelike kultuur= inhoud van 'n volk vorm, waarin die eenheid van sy kultuur opgesluit lê (Van der Westhuysen, 1950, p. 40).

'n Belangrike afleiding wat nou gemaak kan word ten opsigte van die kenmerke van kultuur is: Kultuur is volkserfenis en kultuur is volksgebonde (vgl. Pieter= se, 1967, p. 11; Van der Westhuyzen, 1950, p. 40).

Hierdie eiesoortige volkskultuur word van geslag tot geslag oorgelewer as tradisie en hierin speel die skool 'n deurslaggewende rol. Omdat kultuur en opvoeding en onderwys so 'n innige verweefdheid ver= toon (Dawson, 1961, p. 1), is dit belangrik dat die onderwysstelsel voorsiening sal maak vir volksgebonde onderwys (Barnard, 1981, p. 56). So 'n onderwys= stelsel sal verseker dat die ontsluitingsproses vir elke leerling spanningsvry en optimaal sal verloop (vgl. p. 2.3.4.4.5).

## 3.4 DIE INHOUD VAN KULTUUR

### 3.4.1 Algemeen

Die vraag kan gevra word: Wat gee aanleiding tot die besondere (partikuliere) in 'n kultuur? Die uiteenlopendheid van besondere kulture word bepaal deur sekere fundamentele beskouings, opvattings en sekerhede. 'n Bepaalde patroon wat oorheersend kan wees, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die identiteit van 'n bepaalde kultuur (Kneller, 1966, p. 6; Pieterse, 1967, p. 10-11). Vanweë die strukturele aard van 'n kultuur waarin verskillende beïnvloedende patrone behoudend rig, is sodanige kultuur selektief van aard. Dit aanvaar sekere handelinge, opvattinge, prestasies of sosiale orga= nisasie, staan koud teenoor ander, maar is beslis ook afwysend teenoor sommige.

Indien 'n kurrikulum 'n bepaalde kultuur en sy in= houd moet verteenwoordig, moet die inhoud en karakter van die besondere kultuur in ag geneem word, ten opsigte van die samestelling en inhoud van die kurri= kulum. Wat hier van besondere belang is, is die geïntegreerdheid van 'n kultuur, dit wil sê, die hegtheid waarmee onderlinge patrone tot 'n eenheid saamgesnoer is. In so 'n geïntegreerde kultuur is daar een of meer sentrale patrone wat die ander kon= stant oorheers en wat deurslaggewend is ten opsigte van die kultuur se aanvaarding of verwerping van die nuwe. 'n Kultuur waarin 'n bepaalde godsdiens

besonder sentraal geplaas is en derhalwe waarneembaar deurwerk tot alle ander sisteme binne die kultuur, is 'n voorbeeld van 'n geïntegreerde kultuur. Geen kultuur kan ten volle geïntegreerd wees nie en dit is duidelik dat 'n te groot gebrek aan geïntegreerdheid tot verval van 'n kultuur kan lei (Botha, 1971, p. 241-248). Treurnicht (1979, p. 4) stel dit soos volg: "Tensy 'n kultuur sy reg op sy eie keuses kan uitoefen - sy eie insluitings en uitsluitings - sal dit ophou om te bestaan."

### 3.4.2 Kultuur omvat die ganse menslike lewe

Die mens het bepaalde gawes ontvang, sodat alles wat hy aanraak kultuur word, byvoorbeeld van onbegaanbare veld maak hy plase en tuine, wol word klere, ystererts word motors en kanonne, bome word huise en meubels. Orals waar die mens stof, plant en dier aanraak, ontstaan kultuur. Dit is egter ook so dat waar die mens met ander mense in aanraking kom, vind handelinge plaas en die uitkomste van die handelinge vorm kultuur, soos die sluiting van 'n huwelik, die vorming van 'n gesin, maatskappy, volk, staat, skole en vele ander inrigtings, maar "kultuur is nie net resultaat of produk van menslike aktiwiteit nie, maar ook die aktiwiteit self. Kultuur is sowel aktiwiteit as resultaat, sowel innerlik as uiterlik" (Stoker, 1967(1), p. 125).

Die Christelike godsdiens is die handelinge waarmee die mens God dien, dit wil sê met gebed, dank en loof

met woord en lied, bediening van die sakramente en die Woordverkondiging. Hiermee rig die mens hom vertikaal na Bo, na die Skepper. Godsdiens is dus nie kultuur nie, want met kultuurvorming rig die mens hom "horisontaal" na sy medeskepsels, dit is die stof, plant, dier en medemens. Hoewel kultuur nie godsdiens is nie, is kultuur wesentlik religieus bepaal (Stoker, 1967(1), p. 126-127; Van Till, 1959, p. 37). By godsdiensbeoefening maak die mens egter gebruik van velerlei kultuurgoedere byvoorbeeld kerke, boeke, sang en musiek.

Kultuur bestaan uit 'n groot aantal elemente, dit is nie eens moontlik om almal te noem nie. Genoeg voorbeelde is met die samestelling van hierdie hoof= stuk reeds in die verband genoem. Daar moet op ge= wys word dat verskillende navorsers oor kultuur ver= skeie klassifikasies vir die inhoud van kultuur ge= maak het. Hier sal nou slegs na twee van die klas= sifikasies verwys word, want die verskille wat tussen die verskeie klassifikasies bestaan, lê eerder opge= sluit in spesifieke hoedanighede as in die inhoud daarvan.

Bierstedt (1970, p. 149) deel kultuur in drie kompo= nente, soos afgelei van die basiese kultuurbegrippe, naamlik dink, doen en besit, wat dan weer die drie komponente: opvattinge, norme en dinge (materiële aspekte) as indeling vir die inhoud gee.

- Die dinge of materiële komponente van kultuur sluit al daardie dinge in wat deur die mens gemaak en gebruik word en wat 'n tasbare vorm het.

- Opvattinge en norme behoort tot die nie-mate=riële kultuur.

- Opvattinge is talryk en gaan oor soveel onder=werpe en aangeleenthede dat dit onmoontlik is om almal op te teken. Hulle beïnvloed die mens se handelinge - ten goede of ten kwade, soos byvoorbeeld by sommige primitiewe kulture die opvatting bestaan het dat, as 'n vrou geboor=te skenk aan 'n tweeling, dit 'n bewys is dat sy egbreuk gepleeg het en lyfstraf verdien (Els, 1971, p. 103).

- Norme behoort ook tot die sogenaamde nie-mate=riële kultuur. Die begrip "norm" verwys nie net na die manier van dink nie, maar veral na die manier van doen. Norme gaan ook nie net om die gedrag van mense nie, maar hoofsaaklik om die tipe gedrag, dit wil sê, die aanvaarbare of nie-aanvaarbare gedrag van mense (Bierstedt, 1970, p. 153).

'n Tweede indeling van die inhoud van kultuur kan soos volg gemaak word:

- handelinge (skryf, onderrig, loop, praat enso=voorts),

- religieë (resp. ideologieë) (norme, gelowe, sedes en so meer),

- prestasies (tegnologie, letterkunde, kuns, mu= siek en nog andere),

- sosiale instellings (skool, regering, polisie ensovoorts),

- wetenskappe (geordende kennis soos byvoorbeeld wiskunde, geografie en plantkunde).

Uit elkeen van hierdie groepe kan dit wat algemeen en dit wat besonders is vir 'n bepaalde gemeenskap aangewys word. Ook kan daar onder hierdie indeling die hoofkultuuraspekte gevind word, dit wil sê dié wat beklemtoon, bewaar, beoefen en in stand gehou moet word om 'n kultuur se identiteit te verseker. Kul= tuur is egter meer as die som van die onderdele, dit is ook die wyse waarop die onderdele tot 'n ge= heel saamgevoeg is (Van Tonder, 1974, p. 9; Kneller, 1966, p. 5).

Uit hierdie bespreking is die volgende duidelik: Kultuur omvat die ganse menslike lewe of handelinge. Daarom sal kultuur ook die inhoud van die opvoeding en onderwys van elke volk grootliks beïnvloed. By die organisasie van die onderwysstelsel en die voor= stelling van die kurrikulum moet dus rekening gehou word met die inhoud van die kultuur van die betrokke volk of kultuurgemeenskap.

### 3.4.3 Egte en ware kultuur

Die uitgangspunt is dat alle kultuurvorming in sy diepste wese religieus bepaal is. Dit is so omdat God die Skepper die Oorsprong van alle dinge is, en omdat God die mens na sy beeld geskape het, met die opdrag en roeping om kultuur te vorm tot eer en ver= heerliking van sy Naam. Daarom sal alle ware kul= tuur slegs die Woord van God as norm ten grondslag hê. God sal van die mens ook rekenskap eis vir sy dade, ôf en hoe die mens sy roeping vervul het (Stoker, 1967, p. 126-127; Van Till, 1959, p. 16, 17, 221).

Ware kultuur is daardie kultuur waar daarin geslaag is om die kultuuropdrag in suiwerheid uit te voer, dit wil sê waar daarin geslaag word om die kultuur tot eer van God en die uitbouing van sy koninkryk op aarde te laat ontplooi, "onafhanklik van tegnologie= se prestasies of filosofiese sisteme; afhanklik en onderhewig aan kulturele kerstening" (Van der Wateren, 1979, p. 91; vgl. ook Stoker, 1967, p. 127-129). Dit is dus alleen die Christelike religie wat die mens, deur die soenverdienste van Christus bring tot "gehoorsaamheid aan die funksionele en strukturele norme van God" (Strauss, 1969, p. 45).

Dit is so dat ware kultuur ook egte kultuur impli= seer, want waar die mens natuur in kultuur omskep, vind egte kultuurvorming plaas. Waar dit die kul= tuurvorming egter ontbreek aan die Christelike

religieuse leiding, daar kan die volkome ontsluiting van die mens se aktstruktuur nie plaasvind nie en kan slegs egte, maar nie ware kultuur gevorm word nie.

Waar die mens deur 'n heidense natuurreligie in die hart gegryp is, is die ontsluiting van die aktstruk= tuur onvolledig en word die mense se lewe grootliks op die "benede-menslike", dit is die "benede-aktstruk= turele" gerig, dit wil sê, op die ryk van die stof, plant en dier as 'n valse vastigheid waarop hy sy vertroue vestig in starre gebondenheid aan sy natuur= substraat. Hier ontbreek die liefde en word kul= tuurvorming 'n koue, harde, onaangename dwangmaat= reël, omdat hy geen lus het om te doen wat hy behoort te doen nie (Stoker, 1967, p. 130; Strauss, 1969, p. 46).

Die mens wat deur die humanistiese religie van moder= ne ongeloof, in sy hart afgesny is van die ware lewensoorsprong, is wat die ontsluitingskoers van die aktstruktuur betref, nie veel beter gesteld as die heiden nie. Die mens word self die religieuse rig= punt, altyd teen Christus in diens van die Antichris. So vorm die Chinees en die Kommunis egte kultuur, maar geen ware kultuur nie (Strauss, 1969, p. 46; Fortmann, 1971, p. 60). Van der Wateren (1969, p. 89) ontleed die kultuurvormingshandelinge van die eerste mense, Adam, Eva en hulle kinders en kom tot die oortuiging dat daardie resultaat deurloop in die geskiedenis van die gelowige en heidene. "In die

kultuurarbeid tree hieromheen ook 'n merkwaardige differensiasie in: die kultuurarbeid van die ongelowiges (dit wil sê: heidene. A.M.H.) staan in die teken van selfhandhawende verskansing; die kultuurarbeid van die gelowiges dra die stempel van Christus se versoenende bedekking." Die Kainsgeslag se kultuur is menssentries, waarmee hy hom teen God wil verskans en handhaaf, die vyeblaar waaragter hy skuil. Maar vir die geslag van Set word dit 'n versoenende bedekking in Christus, waarmee sy sondige kultuur bedek word, soos deur die dierevel van Adam, sodat hy nie meer nakend voor God staan nie - 'n bedekking van genade. Dit is egte sowel as ware kultuur.

Vir die opvoeding en onderwys is dit van kardinale belang dat die ideaal van egte sowel as ware kultuur voorop gestel sal word. Opvoeding is 'n integrale handeling, dit wil sê, dit kom uit die hart van die opvoeder. Die hart van die opvoeder moet in beslag geneem word deur die Christelike religie. Dan sal so 'n opvoeder daarna strewe om alle normatiewe funksies van die kind te ontsluit en te verdiep onder leiding van die Christelike norme. Die skoolkurrikulum en die onderwysstelsel moet voorsiening maak vir die alsydige ontplooiing van die kinderlike aktlewe onder leiding van die Christelike religieuse grondmotief (Heiberg, 1969, p. 54-55).

Dit is daarom ook van ewe groot belang dat die ideaal wat vir die skool gestel is, ook opgeëis word by die

keuring en opleiding van onderwysers, sodat elke onderwyser maar een norm sal ken, naamlik die riglyn van die Woord van God, waarmee hy sy kultuuropdrag, in hierdie geval opvoeding en onderwys, met suiwer=heid sal uitvoer tot eer van God.

## 3.5 DIE FUNKSIES VAN KULTUUR

### 3.5.1 Algemeen

Die lewenspatroon wat individue maar ook volke of ge=meenskappe ontwikkel, word beïnvloed deur biologiese, demografiese en geografiese faktore (Bierstedt, 1970, p. 25). Die faktore bepaal egter nie die fyn detail van die lewenspatroon nie, dit bepaal byvoor=beeld nie noodwendig die inhoud, struktuur, vorm en ontwikkeling van daardie lewenstyl nie. Vernon (1965, p. 95) bestempel die biologiese, geografiese en demografiese faktore as beperkende, maar nie bepa=lende faktore nie.

Dit is egter kultuur wat die grootste invloed op die lewenspatroon van 'n mens of volk uitoefen en bepa=lend inwerk. Enkele voorbeelde kan hierdie stelling verduidelik: Die klein kindjie moet van die begin af geleer word om dinge te sien, dit wil sê, om 'n voor=werp waar te neem en te assosieer met die naam en funksie daarvan. Indien 'n blinde persoon eens=klaps sou kon sien, sal hy nie in staat wees om aan te dui watter een van twee figure die vierkant of watter die driehoek is nie, al sou hy reeds voorheen deur

middel van sy gevoelsintuig hulle kon onderskei (Bierstedt, Mechon en Samuelson, 1964, p. 57). 'n Persoon wat nog nie voorheen met 'n stoel kennis ge=maak het nie, sal nie weet wat die naam daarvoor is en waarvoor dit gebruik word nie.

Dit is in 'n baie groot mate aan kultuur te danke dat daar tussen individue en tussen volke onderskei kan word. Kultuur is nie bloot die toevallige versameling van gebruiksvoorwerpe, opvattinge, teg=nieke en wyses van optrede nie, maar dit is 'n sin=volle ineengestrengelde, vir die mens betekenisvolle en alles bepalende verskynsel. Kultuur raak die lewe van die mens op alle terreine op so 'n wyse dat die lewe daarsonder, indien nie onmoontlik nie, dan wel sinloos vir die mens sou wees. Daarom is dit nodig om enkele van die funksies van kultuur nader toe te lig.

### 3.5.2 Menswees en kultuur: 'n wedersydse afhanklikheid

Die feit dat kultuur nie biologies oorerflik is nie, maar aangeleer moet word en van die een geslag na die ander oorgedra word, word deur Davis (1966, p. 204-205) duidelik geïllustreer met sy bespreking van die klassieke geval van Anna, 'n buite-egtelike kind wat op 'n solder van 'n huis iewers in die Verenigde State van Amerika gevind is. Sy het geen aandag van watter aard ook al ontvang nie; geen leiding en op=leiding, geen oefening nie en het net genoeg voedsel

ontvang om haar aan die lewe te hou. Toe sy daar gevind is, kon sy nie loop, praat of selfs regop sit nie, en daar is aanvaar dat sy sowel doof as blind was. Nadat sy aandag ontvang het, het sy by haar dood op tienjarige ouderdom reeds 'n hele aantal handelinge bemeester. Hoewel sy nie haar ouderdoms= groep kon inhaal nie, het sy merkbare vordering ge= maak ten spyte van haar geweldige agterstand. Davis (1966, p. 205) se kommentaar omtrent Anna het hom tot die bevinding gebring: "... how little her purely biological resources, when acting alone, could contribute to making her a complete person."

Dit is ook so dat daar in die verlede sekere kultuur= goedere verlore gegaan het, omdat 'n bepaalde geslag om die een of ander rede nagelaat het om daardie aspek van kultuur aan die nageslag oor te dra. Een van die beste voorbeelde hiervan is die feit dat nie= mand vandag meer weet hoe om 'n lyk te balsem, soos die ou Egiptenare dit gedoen het nie. Wat het ge= word van die unieke perfekte metode om 'n viool soos Stradivarius te maak? Die kuns om gekleurde glas te maak soos 'n mens dit in die ou katedrale vind, is verlore. Die hedendaagse tegniek om glas te kleur kan nie met bogenoemde vergelyk word nie (Bier= stedt, 1970, p. 126).

Kultuurgoedere hier te lande van die nabye verlede kan slegs in die herinnering van die ouer geslag teruggeroep word, maar vir die jongeres is dit totaal vreemd. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die kuns hoe

om osrieme te brei.

Hierdie voorbeeld dui daarop dat kultuurskepping en die oordrag daarvan afhanklik is van mense. Aan die anderkant is die mens geheel en al op kultuur aangewys. As die mens aan homself oorgelaat word en geen beïnvloeding van ander mense ondergaan nie, dit wil sê, die direkte invloed van kultuur, sal so 'n mens nie tot volwaardige mens verhef kan word nie. Hy sal op die vlak van 'n dier bly (Coertze, 1965, p. 34).

Kultuur is dus iets wat gedeel word en nie deur die enkeling alleen besit word nie. Al sou die enkeling die wonderlikste dinge uitvind of ontwerp, maar dit nie deurgee na die groep om dit te deel nie, sal daardie uitvindings of ontwerpe nooit kultuur word nie. Mens en kultuur is dus van mekaar afhanklik.

### 3.5.3 Deur kultuur word die enkeling by die groep en omgewing ingeskakel

Net so belangrik soos kultuur vir die mens en die mens vir kultuur is, is kontak met kultuur, sonder die teenwoordigheid van ander mense, nie genoegsaam vir die volledige ontplooiing of aanpassing van die enkeling by sy lewensmilieu nie.

Die lewensmilieu van 'n mens sluit sowel die groep of volk waartoe hy behoort as die fisiese omgewing waarin hy homself bevind in. Volgens Herskovits

(1956, p. 17) is dit kultuur wat die mens voorsien van "... a means of adjusting to the complexities of the world into which he is born."

- Die aanpassing van die enkeling by die besonȝ dere groep waarin hy gebore is, vind veral in die vroegste jare deur die proses van enkultura= sie plaas. Dit gebeur dan op 'n stadium wan= neer die mens baie ontvanklik daarvoor is. Die lewenswyse van daardie groep word in hierdie jare by hom ingeskerp, byvoorbeeld hulle hande= linge, denke, houdings, norme, religie, gevoels= lewe en 'n sin vir die volkseie. Sy karakter, persoonlikheid en leefwyse sal daarna die stem= pel dra van die kultuur waarmee hy tydens sy ont= wikkelingsjare in aanraking gekom het. Die lewe van die opgroeiende individu word dus geskoei op die volkslees en as hy die volwasse stadium bereik het, het hy 'n volksgekondisioneerde per= soonlikheid wat gefikseer en moeilik verander= baar is (Coertze, 1965, p. 56).

- Die aanpassing van die individu by sy fisiese omgewing vind eweneens deur middel van kultuur plaas. Die dier, anders as die mens, pas hoof= saaklik biologies by sy natuur aan. Die mens is biologies swak toegerus vir aanpassing en is in die opsig op kultuur aangewese. Die eerste vryburgers aan die Kaap moes al die ervaring en kennis (kultuur) wat hulle saamgebring het, ge= bruik om die grond te bewerk en woonplek te bou

> sodat hulle selfstandig kon bestaan. Hulle moes die nuwe klimaatsomstandighede en fisies-geografiese faktore te bowe kom. Alle beskik=bare kultuur moes aangewend word om te oorleef (Van der Westhuysen, 1950, p. 47).

Elke kultuur beskik reeds oor metodes en tegnieke wat akkumulatief in die tyd ontwikkel het. Elke nuwe aankomeling, hetsy deur geboorte of immigrasie, kom in daardie lewensmilieu. Al wat dus nodig is, is om hierdie metodes aan te leer of oor te neem, sodat hy in die fisiese omgewing kan pas, of tot sy eie voordeel te wysig (Els, 1971, p. 83).

### 3.5.4 Kultuur het 'n regulatiewe funksie

'n Algemene uitdrukking wat deur ouers en onderwysers teenoor kinders gebruik word, is: "Dink wat jy doen." Dit is egter nie van toepassing op die geroetineerde daaglikse program nie. Hierdie handelinge geskied feitlik outomaties. Byvoorbeeld 'n man wat in die oggend opstaan, sal sonder bepeinsing eerder op 'n skeermes besluit as 'n knipmes om sy baard te skeer. Kultuurhandelinge het outomaties geword en tree terselfdertyd regulatief op. Die hoofdoel van die meeste norme is om besluitneming vir die meeste so=siale geleenthede of situasies te verminder. Daar=sonder sou die mens van oomblik tot oomblik met keuses gekonfronteer word (Bierstedt, 1970, p. 211).

Homans (1961, p. 378) gee die volgende omskrywing

van norme: "A norm is a statement made by a number of members of a group, not necessarily by all of them, that the members ought to behave in a certain way under certain circumstances." Dit beteken dat menslike gedrag georden en gerig word ooreenkomstig die kultuurpatroon van die groep. Die gemiddelde mens hou nie altyd by alle norme van die groep nie. Omdat norme 'n produk van die groep is, bevoordeel norme gewoonlik die groep meer as vir die individu. Om dié rede sal die individu sommige norme as onno= dig, irriterend of beperkend beskou, en dit selfs oortree met die hoop dat hy nie gestraf sal word nie. Straf vir die oortreding van norme is deel van die regulatiewe funksie van kultuur (Merrill, 1965, p. 111, 112). Waar die skool 'n voortsetting is van die kulturele agtergrond van die kinders sal gesag en dissiplinehandhawing in die skool natuurlik en normaal kan verloop, omdat daar nie botsende kul= tuurelemente teenwoordig is nie. Die onderwyser en kind verstaan mekaar en daar heers harmonie in die verloop van die skoolprogram.

### 3.5.5 Kultuur en gemeenskap in wedersydse relasie

'n Groep of gemeenskap kan nie 'n funksionerende een= heid bly, sonder bepaalde ordesisteme wat harmoniese samewerking verseker nie. Mense behoort te weet wat om min of meer te verwag, en hoe hulle sal optree en reageer onder bepaalde omstandighede. Daar moet ook motivering bestaan om harmoniese samewerking aan te moedig. So 'n ordesisteem bestaan uit verskeie

elemente soos norme, statute, groepe, verenigings, institute of organisasies, gesag en mag, met ander woorde, dit behels die hele sosiale struktuur (Bier=stedt, 1970, p. 206-107).

Menslike gedrag word georden en gerig ooreenkomstig handelinge en aksies wat deur kultuur, dit wil sê, deur die mens self voortgebring is. Dit is aan kultuur te danke dat die mens in 'n samelewing van vreedsame en geordende naasbestaan kan lewe. Die mens beskik nie oor die biologiese of instinktiewe vermoëns van diere nie, waar die instink die gemeen=skaps- of sosiale orde vorm gee. "It is culture therefore, that provides the normative stability which permits human beings to carry on their lives" (Dobriner, 1969, p. 73).

Sosiale interaksie vind egter nooit eenvormig plaas nie. Elke individu word onderwerp aan verskillende vorms van interaksie, soos hy vorder van die baba=stadium tot volwassenheid. Die eise van die gemeen=skap word nie aan almal presies op dieselfde wyse oorgedra nie. Die kind, veral in die eerste jare, leer die sosiale instellings (kultuur) hoofsaaklik van sy eie gesin. Daarna volg die skool wat sy eie interpretasie aan dinge gee. So ontstaan kleiner kultuurverskille van groep tot groep. Die hoof kultuurstrukture bly egter behoue as norme vir die gemeenskap en bring mee dat die gedrag van so 'n ge=meenskap toerekenbaar is, maar ook die individu rede=lik voorspelbaar sal optree. So kan lede van die

gesin voorspel hoe die ander lede onder bepaalde om=standighede sal optree (Merrill, 1965, p. 107-109).

Die mens skep kulture wat baie inhoude het wat akku=muleer en neerslag vind in die gemeenskap, waar dit dan weer die gedrag en lewenspatroon van die sosiale gemeenskap bepaal. So staan kultuur en sosiale gemeenskappe in wedersydse relasie tot mekaar.

Dit sal dus nodig wees dat die onderwysstelsel reke=ning hou met die belangrikheid van kultuuroordrag en wat dit vir die gemeenskap beteken. Die onder=wysstelsel moet optimaal voorsiening maak vir die opvoeding en onderwys, sodat elke kind tot volkome volwassenheid gelei word en kennis en kultuur tot volheid kan gedy. Dawson (1961, p. 132) stel dit sterk: "A scientific specialist or a technologist is not an educated person ... a worker ant in an insect society."

## 3.6 KULTUUR EN BESKAWING

### 3.6.1 Algemeen

Die eerste of klassieke kultuurdefinisie van Tylor, soos reeds volledig aangehaal in paragraaf 3.2.2.6.6, gebruik die begrippe *kultuur* en *beskawing* as sino=nieme. Dit is die algemene neiging in lande soos Engeland en Frankryk. In die meeste Europese lande egter word tussen die begrippe kultuur of kultuur=goedere en beskawing of beskawingsgoedere onderskeid

gemaak (Van der Westhuysen, 1950, p. 40). Dit wil egter voorkom of daar al meer 'n behoefte bestaan om die woorde elkeen met 'n eie betekenis en nie wille= keurig te gebruik nie. Beskawing word meer gebruik om 'n bepaalde kwalifikasie aan kultuur te verleen, soos byvoorbeeld wanneer verwys word na tegnologiese of stedelike ontwikkeling of veranderende sosiale gemeenskappe.

Dit gaan in hierdie ondersoek veral om kultuur en die onderwysstelsel. Die term *beskawing* word baie min gebruik, en dan wel met 'n ander konnotasie as die begrip kultuur. Daarom is dit nodig om hier so 'n onderskeid te verantwoord. Dis ook vir die opvoeding en onderwys in die algemeen van belang dat daar helderheid oor die verskillende terreine verkry word.

Dit is nie maklik om die verskil tussen die terme *kultuur* en *beskawing*, wat albei intensioneel met die mens te make het, onder die woord te bring nie. Grobbelaar (1974, p. 9) sê: "Jy kan jou voorwaar nie met 'kultuur' draai nie, of jy loop teen 'beskawing' vas."

Die begrip *kultuur* het nou reeds heelwat aandag ont= vang. Dit is dus nodig om *beskawing* nader te om= skryf soos aangehaal uit enkele woordeboeke:

- Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booy= sen (1976, p. 83) omskryf beskawing soos volg:

"Geestelike ontwikkeling; verfyning: 'n Eeue-oue beskawing. 'n Man van beskawing. Teenoor barbaarsheid. beskawings: .. arbeid, .. peil, ..trap, .. vorm."

- Kruyskamp (1976, p. 227-278) omskryf "bescha= ving" as: "het gladmaken met de schaaf; de toestand van beschaafdheid, van maatschappelijk, geestelijke en zedelijke ontwikkeling, hetzij in het algemeen of zoals hij door tijd en plaats bepaald is, cultuur, de beschaving der Javanen; staan op een lage, hoge trap van be= schaving; de brandpunten onzer moderne bescha= ving; -innerlijke beschaving, die niet aange= leerd is, maar aangeboren of gegeven met het milieu waarin men opgroeit."

- Webster (1943, p. 313) dui aan: "Civilization, the act or state of being civilized, refinement in manners."

- Marckwardt (1967, p. 243) se omskrywing: "Civilization. 1. The state of human society regarded as having reached a high level of in= tellectual, social and cultural development. 2. The countries and people considered to have reached this state. 3. A stage in the develop= ment of any specific people, country or geogra= phical region."

Wat die herkoms van die woorde "beschaving" en

"civilization" betref, gee Grobbelaar (1974b, p. 10) die volgende verklarings. Die Nederlandse woord "beschaving" hou verband met die letterlike gladmaak van 'n stuk hout deur middel van 'n skaaf, terwyl die Engelse woord, "civilization weer met die Latyn=se civilis, uit *civis* wat "burger" beteken ... en om Romeinse burger te wees, was in die dae van die Romeinse Ryk omtrent die hoogste waarna jy kon streef, of anderswas jy 'n 'barbaar'."

Die woordeboekomskrywing van die begrip beskawing onderskei nie duidelik tussen die woorde kultuur en beskawing nie, omdat daar in die volksmond nie duide=like verskil gemaak word nie en daar dikwels verwar=ring en vermenging bestaan. In die volgende para=grawe sal daar gepoog word om meer helderheid oor die betekenisse van die betrokke woorde te verkry.

### 3.6.2 Verskillende stadiums van kultuur- en beskawingsontwikkeling

Die diepte en omvang van kultuur in die lewe van 'n mens en 'n volk is moeilik peilbaar, want die groot=ste deel daarvan setel onbewus en vanselfsprekend in die mens. Dit is soos 'n ysberg waarvan die groot=ste gedeelte onder die water verberg is; daarom is dit ook nie moontlik om kultuur sowel as beskawing in kompartemente af te baken nie (Fortmann, 1971, p. 71-72).

Debenham (1961, p. 128-129) onderskei vier beska=

wingsgebiede wat geografies soos volg ingedeel is: die Nabye Ooste, Europa, Midde-Ooste en Verre-Ooste. Die Amerikas en ander vastelande word buite rekening gelaat aangesien dáár nie juis bydraes gemaak is tot die algemene beskawingsontplooiing nie.

Sonder om enigsins te probeer om op besonderhede in te gaan, word slegs enkele hoofmomente ter wille van illustrasie met betrekking tot beskawing uitgelig. Een van die oudste, indien nie dié oudste nie, be= skawings is die van die Chinese in die Verre Ooste. Weens isolasie, maar ook weens hulle vermoë om met invallers te assimileer, sonder om self verandering te ondergaan, het die Chinese min beïnvloeding van buite ondergaan.

Die Nabye Ooste met die Sumeriese en Egiptiese be= skawings, strek terug vir meer as 2000 jaar voor Christus. Die Egiptenare het reeds meer as 6000 jaar gelede die eerste geskiedenis begin opteken.

Die Westerse beskawing het rondom die Egeïese See begin waar koper reeds teen 1900 voor Christus ontgin en verwerk is. Die belangrikste dryfkrag vir die Westerse kultuur en beskawing het gekom van Grieke= land, Rome en Jerusalem. Die hoogtepunt is bereik in die laat Middeleeue, die Renaissance en Reformasie wat voortgegaan het met ontwikkeling in die sewen= tiende eeu tot die Industrialisasie en Sosialisme (Debenham, 1961, p. 128-129).

Wetenskappe soos die Geologie en Argeologie het aangetoon hoe die kultuurskeppinge deur die eeue plaasgevind het. Dit was Skandinawiese argeoloë wat die materiële menslike skeppinge ingedeel het in die steentydperk, brons- en ystertydperke. Veran= deringe verloop gewoonlik oor verskeie geslagte heen, maar in die moderne tyd vind veranderinge as gevolg van tegnologiese ontwikkelinge dikwels so vinnig plaas dat 'n bepaalde kultuurvestiging nie werklik kan plaasvind nie (Coertze, 1965, p. 44).

Kultuurontwikkeling vind gewoonlik plaas van die al= gemene na die gespesialiseerde, veral ten opsigte van gebruiksgoedere of tegniese skeppinge, maar dit geld ook ander aspekte van kultuur. Die vuisklip het in die steentydperk onder die primitiefste kul= ture gedien as gewone gereedskap maar ook as wapen. Vandag is daar 'n magdom wapentuig en werktuie be= skikbaar. So het wonings, klere en ekonomiese bedrywighede, maar ook sosiaal organisatoriese in= stellings al meer gespesialiseerd geraak (Coertze, 1965, p. 45).

Dit is dus duidelik dat daar verskeie stadiums in kultuur- en beskawingsvorming is. Daar is tans nog kulture wat nog heel primitief is soos byvoor= beeld die Boesmans, Suidsee-eilandbewoners, en andere. Daar word daagliks gepraat van die Eerste Wêreld en die Derde Wêreld wat in der waarheid na die verskillende lande se beskawingsontwikkeling verwys. By primitiewe volke is die omgang met die natuur nog

gebrekkig, maar beslis baie meer gevorderd as die instinktiewe kontak wat die dier met die natuur het. Namate die omgang met die natuur meer ontwikkel en vaardighede verwerf word, dui dit op 'n kultuur wat toenemend beskaafd (verfynd) word (Heyns, 1974, p. 118). Stoker (1967, p. 125) sê kultuur kan onbe= skaafd, beskaafd en oorbeskaafd wees. Die primi= tiewe kultuur is nog onbeskaafd, terwyl die oorbe= skaafde kultuur die beskawingstegniek gebruik in diens van sy verslawing aan rykdom, mag, eer, seks en nog meer. Dit is dus 'n teken van verval.

### 3.6.3 Wedersydse verband tussen kultuur en beskawing

Beskawing kan dus getipeer word as kultuur wat 'n hoë mate aan die God-bepaalde roeping beantwoord. Die maksimum of optimum peil van beskawing is seker nog nie bereik nie. Daar sal voortgegaan word met die ontwikkeling solank daar natuur is om te bewerk en so lank daar mense is wat kan en wil werk. Dit staan vas dat kultuur en beskawing in noue verband staan met die mens en sy handelinge, "maar 'kultuur' kom eerste en 'beskawing' is 'n besondere ontwikke= lingstadium daarvan" (Grobbelaar, 1974b, p. 10). Hier is dus sprake van kultuurskepping en beskawings= ontplooiing.

Waar kultuur meer groeps- of volksgebonde is, sal beskawing sekerlik meer gebiedsgebonde wees. Ver= skillende kultuurgroepe kan saamwerk om 'n besonder sterk beskawing uit te bou wat in besonder gedra word

deur die handel en nywerheid (Park, 1950, p. 16). Die verband tussen kultuur en beskawing toon 'n sty=gende lyn vanaf die primitiewe kulture, wat uitstyg bo die instinkte van die dier, na die gevorderde kul=tuurgemeenskappe of kultuurvolke tot die punt waar kulture saamwerk en bou aan beskawing. Die stel=ling kan dus gemaak word dat kultuurvorming beska=wingsontplooiing as grondslag het. Kultuurvorming is ook die beheersing van die natuur en religieus bepaal. Van beskawing sê Stoker (1967, p. 127): "Beskawing is resultaat van mondige selfbeheer en van mondige beheersing van die natuur. In dié sin is dit meer uiterlik en tegnies van aard, en wel in vergelyking met bekering wat innerlik is en wat die innigste kern van die mens - sy hart - raak. Soos kultuur onder leiding en verdieping van godsdiens staan, lei en verdiep bekering beskawing."

Kultuur gryp die mens in die hart, dit word besit en omvat die mens se hele lewe. Beskawing is meer die verfyning van kultuur, dit kan selfs "finesse" genoem word. Dit is meer universeel. Beskawing kan vin=niger en maklikeroorgeneem word of selfs aangeplak word.

Die onderwysstelsel van 'n land met sy vele fasette lewer 'n besondere oordragsgeleentheid en groeipunt vir kultuurskepping en beskawingsontplooiing. In 'n land soos die Republiek van Suid-Afrika met sy diverse kulture en beskawingsamestelling, moet daar dus besondere aandag geskenk word aan die rol wat

kultuur speel om die onderwys spanningsvry te laat verloop, en om die Christelike beskawing te handhaaf en uit te bou.

## 3.7 SAMEVATTING

In paragraaf 3.2.2.7 is daar gepoog om 'n eie omskrywing van kultuur te gee. Wie 'n omskrywing van die begrip kultuur gee, doen dit gewoonlik teen die agtergrond van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. In hierdie oorsig is 'n lewens- en wêreldbeskouing gehandhaaf wat gefundeer is in die Christelik Protestantse religie.

As gevolg van uiteenlopende lewensbeskouings is daar reeds talle omskrywings van kultuur gelewer, sonder dat een aan al die vereistes en sienswyses kan voldoen. Daar is egter 'n paar aspekte van kultuur waaroor alle studente van die onderwerp ooreenstem. Dit sluit die volgende aspekte is:

- kultuur het met die mens te make;
- dit word aangeleer deur die mens;
- kultuurverwerwing stel die mens in staat om hom aan te pas by sy natuurlike en sosiale omgewing;
- kultuur is dinamies en
- dit word gemanifesteer in stellings of gebruike, denkpatrone en stoflike of materiële voorwerpe.

Kultuur omvat verskeie fasette, waarvan die volgende algemene wesenstrekke afgelei kan word:

- Kultuur omskep natuur en handhaaf en bou die skepping.

- Slegs die mens is in staat om kultuur uit na= tuur te skep. Hierdie eienskap onderskei die mens van alle ander skepsele.

- Kultuur is 'n heersende en versorgende aktiwi= teit wat aan die aarde en die lewe verbonde is.

- Dit is die produk van die mens se geestelike aktiwiteite en het dusdanig 'n kultuurhistoriese fundering en is religieus bepaald en word binne gemeenskapsverband beoefen.

- Kultuur het 'n dinamiese karakter wat voortvloei uit die innige verweefdheid met die mens.

- Kultuur is volksgebonde, want dit is afhanklik van die mens se lewens- en wêreldbeskouing.

Kultuur en beskawing is begrippe wat soms as sino= nieme en soms as alternatiewe gebruik word. Daar is uitgewys dat daar wel verskil in die betekenisse be= staan. Kultuur gaan uit van die mens se hart en is groeps- of volksgebonde, terwyl beskawing die ver= fyning van kultuur en meer tegnies van aard is. Beskawing is meer universeel. Kultuur lê beskawing ten grondslag.

Kultuur en opvoedende onderwys is innig verweef met

mekaar. Kultuur het 'n sterk bepalende invloed op die mens se doen en late. Bykans alle menslike han=delinge is kultureel van aard of word deur kultuur beïnvloed. Om 'n individu, groep of volk werklik te verstaan, is dit nodig om die kultuur van die betrokke individu, groep of volk te begryp. Dit is dan ook in 'n groot mate kultuur wat mense, groepe of volke van mekaar skei en onderskei.

Die grootskaalse trek en immigrasie van mense van die onderontwikkelde of lande van die Derde Wêreld na die ontwikkelde of lande van die Eerste Wêreld, soos Amerika, Engeland en Wes-Duitsland, het die feit van kultuurverskille en die probleme wat dit vir die onderwys skep, sterk na vore gebring. Daar word al hoe meer besef dat hierdie feit in die onderwysstel=sel verreken moet word.

Die Republiek van Suid-Afrika, met sy veelvolkige samestelling, ondervind ook al hoe meer druk om die onderwysstelsel, wat tans kultuurgedifferensieerd is, te verander. Die wenslikheid van so 'n stap is be=twisbaar, maar indien wel - hoe moet dit gewysig word? Daar moet vasgestel word óf kultuurisolasie óf kul=tuurintegrasie die antwoord is, en of kultuurdiffe=rensiasie in die onderwysstelsel die ewewig tussen bogenoemde uiterstes bewerkstellig en die geleentheid vir die optimale verloop van die opvoedende onderwys bied. Die volgende hoofstuk sal aan hierdie kwel=vrae gewy word. Die rol wat kultuur in die opvoe=ding en onderwys speel en die gevolglike invloed op die onderwysstelsel moet ondersoek word.